

Gereformeerde Kerk Bellville – 21 Augustus 2016 – Aand

Sing vooraf staande: Psalm 46:4, 6 (p. 237)

- 4 Gewis die HERE Sebaot / sal sy gedugte mag laat blyk;
in nag en storm sal Jakobs God / ons rotsburg wees wat nooit beswyk.
kom nader en bemerk, / aanskou die HEER se werk; / hoe Hy die wêreld rig;
hoe alles voor Hom swig / en in ontsetting weg moet wyk!
- 6 Hou op, en weet: Ek is die HEER! / Ek is verhoog bo alle vlees;
My sal die nasies sien en eer, / of sidd'rend vir my oordeel vrees.
Die HEER sal in gevaar / sy leërs om ons skaar, / oneindig in getal.
Die God van Jakob sal / vir ons 'n veil'ge vesting wees.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die
kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 107:1, 3 (p. 533)

- 1 Loof God, omdat Hy goed is, / en goed is sonder end!
Meld dit, al wie behoed is, / verlos is uit ellend;
wat God uit elke land / in vryheid weer herstel het,
vry van die slaweband, / waarmee hul hom geknel het.
- 3 Hy het hul matte skrede / gelei op regte baan
om tot bewoonde stede / met blydschap in te gaan.
Laat hul Hom dank bewys / vir redding wat so soet is,
Hom voor die mense prys, / omdat Hy groot en goed is.

Gebed

Psalm 27:5, 6 (p. 127)

- 5 Verlate 's ek van vader en van moeder; / tog weet ek dit: die HERE neem my aan.
U is, o HEER, my Vader en Behoeder, / wat my wil leer om op u weg te gaan.
Wil my dan langs die regte paaie voer, / omdat verspieders op my gange loer.
Verlos my van 'n wrede teenparty, / en wil my van die valse tong bevry.
- 6 As ek op aard, deur soveel smart omgewe, / omring deur droefenis en dood en rou,
nie meer sou glo dat ek in hierdie lewe / die goeie van Gods hand nog sal aanskou –
dan het ek lankal in my druk versmag. / Wees sterk, my siel, wees altyd sterk en wag!
Die HEER sal hoor en op jou roepstem merk, / Hy sal jou weer met nuwe krag versterk.

Skriflesing: Romeine 8:1-17; Dordtse Leerreëls, Hoofstuk 5, Artikel 10

Kernvers: Romeine 8:14-17a

Want almal wat deur die Gees van God gelei word, dié is kinders van God. Want julle het nie ontvang 'n gees van slawerny om weer te vrees nie, maar julle het ontvang die Gees van aanneming tot kinders, deur wie ons roep: Abba, Vader! Die Gees self getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is; en as ons kinders is, dan ook erfgename.
(Romeine 8:14-17a AFR53)

Dordtse Leerreëls

Hoofstuk 5, Artikel 10

Hierdie sekerheid spruit dus nie voort uit enige besondere openbaring wat sonder of buite die Woord plaasgevind het nie, maar uit die geloof aan die beloftes van God wat Hy in sy Woord baie oorfloedig tot ons troos geopenbaar het; uit die getuienis van die Heilige

Gees: Hierdie Gees getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is. En omdat ons kinders is, is ons ook erfgename (Rom 8:16-17), en laastens uit die ernstige en heilige strewe na 'n goeie gewete en goeie werke. As die uitverkorenes van God in hierdie wêreld nie hierdie vaste troos het dat hulle die oorwinning sal behou en hierdie onfeilbare pand van die ewige heerlijkheid sou besit nie, sou hulle die ellendigste van alle mense wees.

'n Verduideliking by artikel 10

Soos by artikel 9 bely ons hier in artikel 10 hoe die gelowige seker kan wees dat God hom tot die saligheid sal bewaar en dat hy in die geloof sal kan volhard. In artikel 9 bely ons dat die gelowige sekerheid het volgens die maat van die geloof waarmee hy seker glo dat hy 'n ware en lewende lidmaat van die kerk is en altyd sal bly en dat hy vergifnis van sondes en die ewige lewe het.

In artikel 10 bely ons steeds die ware geloof teenoor die dwaling wat verkondig word. Die dwaling verkondig dat 'n mens net deur 'n besondere openbaring sekerheid kan hê dat God jou bewaar en dat jy in die geloof sal kan volhard. Teenoor hierdie dwaling sê ons uitdruklik dat 'n gelowige nie sekerheid kry deur enige besondere openbaring wat sonder of buite die Woord plaasvind nie.

In artikel 10 bely ons dat die gelowige se sekerheid op drie pilare berus. Ons moet daarop let dat dit nie net een of twee pilare is waarop die sekerheid berus nie maar, inderwaarheid, op al drie gelyktydig. In aansluiting by artikel 9 sê ons heel eerste dat die gelowige sekerheid kry uit die geloof aan die beloftes van God. Daar is baie oorfloedige beloftes van die Here in sy Woord opgeteken en dit is tot troos van die gelowige geopenbaar. Hierdie beloftes van die Here trek saam in die versoeningswerk van Jesus Christus. Dit is immers deur Jesus se offer aan die kruis dat 'n gelowige 'n ware en 'n lewende lid van Christus se kerk is en bly. Dit is slegs op grond van Christus se offer dat 'n gelowige vergifnis van sondes en die ewige lewe verkry.

Verder kry die gelowige ook sekerheid uit die getuienis van die Heilige Gees. Die Heilige Gees getuig immers aan die gelowige se gees dat hy 'n kind van God is. En omdat hy 'n kind van God is, is hy ook 'n erfgenaam.

Deur hierdie beloftes van God en die getuienis van die Heilige Gees kom daar in die gelowige 'n ernstige en heilige strewe na 'n goeie gewete en goeie werke. Omdat die Heilige Gees die gelowige van die Here se beloftes oortuig en die Gees self getuig dat die gelowige 'n kind van God is, wil hy met alles wat hy is en het so lewe dat hy God kan dank en met sy hele wese verheerlik.

Indien 'n gelowige in hierdie wêreld nie hierdie vaste troos van die Here het dat hy die oorwinning oor die sonde sal behou en hy nie hierdie onfeilbare waarborg gehad het dat hy die ewige lewe het nie, sou hy die ellendigste van alle mense gewees het. Onsekerheid sou sy verhouding met die Here totaal vernietig het.

Tema: Drie pilare van sekerheid vir die gelowige se volharding

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, wanneer 'n mens seker is van 'n saak kan 'n mens met soveel meer ywer en oortuiging jou werk doen. Sekerheid oor 'n saak laat 'n mens ook geborge en veilig voel. Omdat die Here die beeld van 'n huweliksverhouding graag gebruik as beskrywing van sy verhouding met sy kerk, kan ons hierdie selfde beeld gebruik om die begrip sekerheid beter te verstaan.

Wanneer 'n man en 'n vrou nog net met mekaar uitgaan en elkeen van hulle verseker is van die ander een se liefde, kan hulle met ywer en oortuiging hulle verhouding tot by verlowing en 'n permanente verhouding in die huwelik bring. Wanneer die man en vrou in die huwelik seker is van mekaar se liefde en trou, voel albei van hulle geborge en veilig in hierdie verhouding. Daar is nie bekommernis of selfs 'n angstigheid dat jy die ander een se liefde en trou gaan verloor nie.

Gelowiges wil ook in hulle verhouding met die Here sekerheid hê. Hulle wil seker wees dat hulle werklik deur Jesus Christus van al hulle sondeskuld verlos is. Hulle wil seker wees dat hulle sondes vergewe is en dat hulle die ewige lewe het. Met so 'n sekerheid kan 'n mens met soveel meer ywer en oortuiging jou dienswerk in die koninkryk van God doen. Hierdie sekerheid maak ook dat die gelowige veilig en geborge is. Hy weet dit maak nie saak hoe sleg sy omstandighede ook al word nie, die Here sal hom nooit verlaat of in die steek laat nie.

Ons weet egter ook dat alle gelowiges nie elke dag ewe seker is van hulle verlossing en van hulle volharding in die geloof nie. Die hartseer is dat vele gelowiges dan in 'n toestand van onsekerheid geteister word. Dit is onder andere wat gebeur het in die Nederlande in die sestiende en sewentiende eeu. Die Remonstrante – die dwaalleraars teen wie se dwaling ons Dordtse Leerreëls opgestel is – het gesê dat 'n gelowige nooit volkome seker kan wees dat hy regtig die ewige lewe sal hê nie. Die Remonstrante het met hierdie onsekerheid gesit omdat hulle geleer het dat bekering en gelowig word van die mens afhang. Daarom hang die volharding in die geloof ook van die mens af.

Omdat ons weet hoe swak ons is vanweë ons sondige natuur en hoe geneig ons nog elke dag tot sonde is, besef ons dat as die volharding van ons afgehang het, ons inderdaad nooit seker sou kon wees nie. Met hierdie voortdurende onsekerheid het die Remonstrante seker agtergekom dat hulle hulleself met hulle dwaling in 'n hoek toegeverf het. Daarom het hulle ook gesê daar is 'n klein kansie dat 'n gelowige sekerheid kan hê oor sy verlossing en volharding. Maar die sekerheid kan net gekry word as die Here 'n besondere en direkte openbaring aan die mens maak. Dit wil sê, dit moet 'n openbaring buite om en los van die Woord gebeur, want volgens hulle kan jy nie uit die Woord sekerheid kry nie.

Met so 'n stelling het die Remonstrante die vastigheid van God se ewige, lewende Woord ondergrawe. Die Woord is al wat ons het om in ons kennis van God te kan groei. En wat 'n voorreg is dit nie om by die Here te kan stil raak en te luister wanneer die Heilige Gees 'n mens in die rykdom van die Woord inlei nie. Dit is uit hierdie gedeelte in Romeine 8 waarmee die Heilige Gees ons vanaand wys op die drie pilare waarop gelowiges se sekerheid berus.

Broers, susters en kinders, kom ons volg die drie pilare wat ons in artikel 10 bely terug na die Skrif toe. Die eerste een wat ons bely: ***Hierdie sekerheid spruit ... uit die geloof aan die beloftes van God wat Hy in sy Woord baie oorfloedig tot ons troos geopenbaar het.*** Met hierdie woorde in gedagte gaan ons luister wat die Heilige Gees ons in vers 15 leer:

Want julle het nie ontvang 'n gees van slawerny om weer te vrees nie, maar julle het ontvang die Gees van aanneming tot kinders, deur wie ons roep: Abba, Vader! (Romeine 8:15 AFR53)

Uit die Nuwe Testament weet ons van twee beskrywings van hoe 'n sondaarmens deel word van God se huishouding. Die een beskrywing is die wedergeboorte waarvan Jesus ons in Johannes 3 leer. Die ander beskrywing is om aangeneem te word deur God. Aan-

neem is soos *regverdig verklaar* (of *vryspreek*) 'n wetlike handeling. Wanneer God 'n mens regverdig verklaar, verander sy status. Hy staan nie meer as 'n beskuldigde voor die regterstoel van God nie. Op grond van Christus se volmaakte offer verklaar God die mens regverdig. Daar is geen beskuldiging wat meer kan standhou teen hierdie mens nie, want Christus het sy skuld volledig betaal.

Wanneer God 'n mens aanneem as sy kind verander die mens se status ook. Voor die aan-neming was die mens 'n slaaf van die sonde en die duiwel. Maar omdat Jesus Christus hierdie mens met sy kosbare bloed losgekoop het, neem die Vader hom aan as sy eie kind.

God behandel die mens wat in sy Seun Christus glo, soos wat Hy sy eniggebore Seun be-handel. Hy kry al die voorregte wat sy Seun het. Die mens mag God as sy Vader aanroep. Soos Jesus kry die aangenome kind van God ook liefde en sorg van die Here. Hy kry 'n nuwe naam – die mens wat aangeneem is, word 'n Christen genoem. Omdat God die mens as sy kind aangeneem het, het die duiwel geen seggenskap meer oor die mens nie, net soos wat die duiwel geen seggenskap oor Jesus het nie.

Wanneer die Heilige Gees geloof aan 'n mens gee sodat jy in Jesus Christus kan glo en jy besef dat jy 'n kind van God is, dan het jou status verander. Jy is ten volle kind van God. En die Heilige Gees bevestig die belofte wat God in Christus aan jou maak. Die Heilige Gees laat jou uitroep tot God: Abba, Vader!

Dit is hoe Jesus sy Vader aangeroop in in sy gebed (Mark 14:36). Tussen Jesus as Seun en God as Vader is daar 'n intiem persoonlike verhouding. Dit is so 'n hegte verhouding dat Jesus sê dat Hy en sy Vader een is. In sy gebed in Johannes 17 hoor ons dat dit Jesus se begeerte is dat die gelowiges ook so een met Hom en sy Vader sal wees. Daarom het Jesus die gelowiges geleer om God ook as hulle Vader in die hemel aan te roep.

Wanneer die Heilige Gees ons dan lei om God as ons Vader aan te roep, bevestig Hy self die belofte wat God by die doop gemaak het. Hy het belowe om ter wille van sy Seun Christus ook jou Vader te wees wat jou met alles wat goed is sal versorg, die kwade van jou sal afweer of tot jou beswil beskik. As God dan belowe dat 'n mens deur die geloof sy kind is en Hy die mens se Vader, staan daardie belofte onwankelbaar vas. Ja, die ge-lowige se verstaan en vashou aan die belofte is nie altyd so goed nie, maar jou vashou en verstaan van die belofte bepaal nie of die belofte staan of nie. God het die belofte gemaak en Hy gaan nooit terug op sy Woord nie.

Die tweede van die drie pilare van sekerheid wat ons bely is dié een: ***Hierdie sekerheid spruit ... uit die getuienis van die Heilige Gees: Hierdie Gees getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is. En omdat ons kinders is, is ons ook erfgename*** (Rom 8:16-17).

In 'n mens se onsekerheid kan dit gebeur dat jy in gebed tot God uitgeroep het: Abba, Vader! Maar omdat die onsekerheid nog aan jou knaag, is die duiwel graag by om jou te laat verstaan dat jy nie regtig bedoel het toe jy God as jou Vader aangespreek het nie. Alhoewel 'n mens hierdie woorde in vers 15 hoor dat dit die Heilige Gees is wat God se belofte aan jou bevestig, begin jy self wonder: Verbeel ek my maar net dat God my Vader in die hemel is?

In sy werk as Trooster is die Heilige Gees in die grootheid van sy genade dadelik by om self te getuig: Jy is inderdaad 'n kind van God. En omdat jy 'n kind van God is, is jy ook 'n erfgenaam van God. Dit is so dat jy met jou mond en in jou gedagtes God as jou Vader

aangespreek het – so verseker die Heilige Gees die gelowige. Maar, gaan Hy verder, Ek het dit in jou gewerk om God so aan te roep. Daarom getuig ek nou saam met jou dat jy regtig kind van God is.

Maar wie is die gelowige tog? Hy staan mos nie langs die Heilige Gees op gelyke voet om getuienis oor sy eie kindskap te gee nie. Daarom is dit beter om die woord wat ons met *saam getuig* vertaal eerder te vertaal met *bekragtig aan ons*. Die Heilige Gees gee dus 'n baie sterk innerlike getuienis aan die gelowige se gees dat hy God se kind is.

Geliefde, as jy persoonlik in die waarheid van die evangelie glo, waarvandaan het daardie geloof gekom? Dit het nie uit jouself gekom nie. Dit is die bonatuurlike werk van die Heilige Gees wat die geloof deur die Woord in jou ingeplant het. Daarom, toe jy die eerste keer met oortuiging en in die baie jare daarna gesê het: Ja, ek glo in Jesus Christus as my troue Verlosser en Here, is dit die Heilige Gees wat die sterk innerlike getuienis aan jou gees gee.

Sou dit wees dat jy jou sonde opreg voor die Here bely het omdat die Heilige Gees jou gelei het om jou toevlug tot die gekruisigde Christus te neem en jy lees die belofte in die eerste vers van hierdie hoofstuk – **Daar is nou geen veroordeling meer vir hulle wat in Christus is nie** – kom daar nie vreugde in jou hart nie? Daardie vreugde is die innerlike getuienis van die Heilige Gees. Hy bekragtig met die vaste beloftes van God dat jy werklik kind van God is.

Daar is nog 'n derde pilaar waarop die gelowige se sekerheid berus. ***Hierdie sekerheid spruit ... uit die ernstige en heilige strewes na 'n goeie gewete en goeie werke.*** Ons bely hierdie woorde op grond van wat ons vers 14 lees:

Want almal wat deur die Gees van God gelei word, dié is kinders van God.
(Romeine 8:14 AFR53).

Let daarop dat vers 14 begin met die woord *want*. Wat ons in vers 14 lees volg uit wat in vers 13 geskryf staan. In vers 14 lees ons dat almal wat deur die Gees van God gelei word kinders van God is. Hierdie leiding wat die Heilige Gees gee binne die konteks is leiding om die werke van die liggaam dood te maak. Dit wil sê, om 'n einde te maak aan jou sondige praktyke.

Gelowiges se gewete opsigself is nie 'n goeie maatstaf om sekerheid te kry oor 'n mens se verlossing en volharding in die geloof nie. Net so is ons werke alleen ook nie goed genoeg om ons sekerheid te versterk nie. Maar nou weet ons uit artikel 7 dat die Here sy bewaring van die uitverkorenes kragtig uitvoer. Hy vernuwe die gelowige wat in sonde geval het met sy Woord en Gees tot opregte berou oor die sonde sodat hy in Christus vergifnis van sonde smeek en ook verkry.

Gestel nou dat jy uit swakheid 'n sonde begaan het. Omdat God jou bewaar, beskik Hy dit so dat jy deur jou eie Bybelstudie of tydens die verkondiging van die Woord deur die Heilige Gees gewys word op jou sonde. Verhard jy jou en staan jy die Heilige Gees teë? Of voel jy hoe die Woord van die Here diep in jou sondige hart insny en jy nie anders kan as om jou skuld te erken en ook te bely nie?

As jy daartoe kom om jou skuld voor die Here te erken en te bely, het dit gebeur omdat die Heilige Gees jou gelei het. Omdat Hy jou gewillig en gehoorsaam maak, buig jy jou voor Hom neer en volg Hom deur jou skuld te erken en te bely. Deur die Heilige Gees aangevuur het jy dan 'n ernstige en 'n heilige strewes na 'n goeie gewete – 'n gewete wat skoon

van die skuld is. Wie met opregte berou vergifnis smeek in die bloed van Christus kry dit ook. En met hierdie genade van God lei die Heilige Gees die gelowige om ook te strewe na goeie werke. Goeie werke is werke wat uit 'n ware geloof volgens die wet van God tot sy eer gedoen word. Dit wil sê, dit is 'n gehoorsame lewe aan die Here.

Is jy 'n kind van God? Is jy seker dat jy vir altyd sy kind sal bly? Hoe kan jy seker wees? Die eerste grond vir jou sekerheid is wat die Heilige Gees in jou heel eerste gedoen. Het jy al jou vertroue in Christus gestel vir jou verlossing? As jy hierop ja kan antwoord, wil jy weet hoe jy seker kan wees dat jou geloof sal bly. Daarvoor gee die Here hierdie drie pilare waarop jou sekerheid berus – die vaste beloftes van God, die getuienis van die Heilige Gees en jou navolging van die Heilige Gees.

Amen!

Slotgebed

Psalm 121:1, 4 (p. 608)

- 1 Ek hef my oë bergwaarts heen / en staar die ure òm,
tot my verlossing kom. / My hulp is van die HEER alleen.
Hy, oor my lot bewoë, / is eind'loos in vermoë.

- 4 Die HEER sal jou bly gadeslaan; / in onheil en gevaar
sal Hy jou siel bewaar. / Wanneer jy uit of in mag gaan
Hy, Israels ontfermer, / is ewig jou beskermer.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
21 Augustus 2016